# HOOFSTUK 1

## Inleiding en algemene oriëntering van die navorsingsproses

### 1.1 Inleiding

Ouerskap in die een-en-twintigste eeu is nie `n maklike taak nie. Ouerskap is `n wye term en vereis verskeie vaardighede. Indien die ouer nie toegerus is met vaardighede om die eise van ouerskap te hanteer nie, mag dit problematiese momente tot gevolg hê (Fourie, 2000:2).

Wat beteken die modewoord emosionele intelligensie? Blom (2004a:1) meen dat emosionele intelligensie soos kos en klere vir die psige is. Elke mens het dit nodig. Verder is sy van mening dat die vaardighede wat verband hou met emosionele intelligensie, soos meeste ander vaardighede, ook deur middel van opvoeding vir kinders aangeleer kan word.

Die gesin is die hoof-sosialiseringsagent, waarbinne die kind moet leer om in gesonde interaksie met ander te verkeer. So ook word emosionele insig eerstens by die huis aangeleer (Neethling, 1999:63). In die beskermende omgewing leer die kind hoe om oor hom/haarself en sy/haar gevoelens te voel en dit sosiaal aanvaarbaar uit te druk, asook hoe ander op sy/haar emosies sal reageer. Die kind leer hoe om uitdrukking te gee aan verwagtings en vrese, en om keuses te maak in reaksie op sekere emosies van andere. Neethling (1999:63) wys verder daarop dat die kind nie net onderrig word deur wat vir hom/haar verduidelik of gesê word nie, maar ook deur die ouers se voorbeeld.

Meer as ooit tevore vereis omstandighede van kinders om verantwoordelikheid vir hulle eie lewens te aanvaar. Sosiale problematiek soos egskeiding, enkelouerskap, ouer-kindvervreemding, geweld binne sowel as buite die gesin, werkloosheid en armoede, neem daagliks toe volgens Van Niekerk (1999:1) en Calitz (2005). Kinders wat aan hierdie verskynsels blootgestel word, word nie noodwendig as getraumatiseerde kinders beskou nie, maar volgens Van Niekerk (1999:1) word `n kind se hele menswees hierdeur

beïnvloed. Verder wys Van Jaarsveld (2003:155) daarop dat die ouers van die hedendaagse samelewing nie genoeg tyd vir hulle kinders het nie.

Volgens Van Niekerk (1999:1) is dit nie net die kind wat aan trauma blootgestel is wat gespesialiseerde aandag benodig nie, maar ook die kind wat in sogenaamde normale omstandighede grootword en dit moeilik vind om aan die eise van sy/haar omstandighede te voldoen. Kinders word reeds vanaf `n vroeë ontwikkelingstadium aan kompetisie blootgestel en druk word op hulle geplaas vir persoonlike prestasies. Deur die selfwaarde van so `n kind te ontwikkel en hom/haar te leer dat hy/sy nie magteloos binne sy/haar omstandighede is nie, kan hy/sy gehelp word om in hom/haarself die motivering te vind wat hy/sy nodig het om sy/haar ideale te verwesenlik.

Dit is die mening van Blom (2004a:3) en ook bevestig in `n gesprek met Calitz (2005) dat die hoë vereistes waaraan kinders moet voldoen en spanning van die moderne lewe, emosionele eise stel waaraan hulle nie noodwendig vanuit hulle natuurlike ontwikkeling kan voldoen nie. Normale ontwikkeling sluit `n reeks van kognitiewe, fisiese, sosiale en gedragsveranderinge in en feitlik alle kinders ondervind by tye emosionele probleme om by hierdie veranderinge aan te pas.

Verdere problematiek volgens Van Niekerk (1999:2), is die eise wat die samelewing tans ook aan volwasse persone stel. Ouers werk dikwels lang ure onder spanningsvolle omstandighede en is meermale weg van die huis weens werksverwante verpligtinge. Dan is daar ander sisteme buiten die gesin en werk, soos die kinders se skool, geloofs- en sosiale groepe wat tyd en betrokkenheid van die ouers vereis. Daar is dus min tyd om saam met die gesin tuis te spandeer. Wanneer daar wel tyd is, is die gesin dikwels die enigste plek waar daar ruimte vir emosionele ontlading is. Die gesin moet dus die spanning van die buite-sisteme ook absorbeer (Calitz, 2005).

Die ouer en kleuter funksioneer in twee verskillende, maar tog soortgelyke leefwêrelde (Coles, 1998:9). Konfliksituasies mag ontstaan omdat die ouer en kleuter mekaar as gevolg van verskillende leefwêrelde nie altyd verstaan nie. Hierdie konfliksituasies is

gewoonlik emosioneel belaai. Om hierdie emosionaliteit te verstaan, moet die emosies gekommunikeer word. Emosionele intelligensie is `n relatiewe nuwe term wat die vaardighede omskryf wat nodig is vir die kommunikasie van emosies (Fourie, 2000:2).

Verder meen Calitz (2005) tydens `n onderhoud, asook Fourie (2000:2) dat `n emosionele intelligente persoon oor die vermoë beskik om sy/haar eie emosies en die van ander te identifiseer en te reguleer met die doel om sosiaal aanvaarbare gedrag tot gevolg te hê. Emosionele intelligensie as vaardigheid, veronderstel ook dat beide partye betrokke by die kommunikasieproses, as gelykes behandel word. Ouers en kleuters behoort mekaar dus as gelykes te ontmoet met betrekking tot hulle behoeftes. Dit behoort die kommunikasieproses te ondersteun en die konfliksituasies te verminder.

Volgens De Klerk & Le Roux (2003:14) stel `n emosioneel intelligente ouer `n voorbeeld vir sy of haar kleuter om sosiaal aanvaarbare gedrag te openbaar. Die kleuter (en later die adolessent) volgens Fourie (2000:2) behoort dus as eindresultaat suksesvol in die samelewing aan te pas en sosiaal verantwoordelike gedrag te toon.

Die kleuterfase word deur Botha, Van Ede, Louw. A., Louw. D. & Ferns (2001:238) gesien as die tydperk wat vanaf twee- tot sesjarige ouderdom strek. Dit is ook bekend as die vroeë kinderjare. Daar vind aansienlike kognitiewe en fisiek-motoriese ontwikkeling tydens die kleuterjare plaas en talle nuwe vaardighede soos byvoorbeeld taalvaardighede, asook sosiale vaardighede waarvan emosionele intelligensievaardighede deel is, word aangeleer. Botha et al. (2001:238) meen verder dat kinders se vermoë om die ontwikkelingstake van latere stadia suksesvol te bemeester, sterk op die sukses waarmee hulle die ontwikkelingstake van die kleuterjare deurloop het, berus.

Tydens `n onderhoud is dit Blom (2005), ondersteun deur Oaklander (1988:193), se mening dat kinders makliker voortgaan met hulle normale ontwikkelingstake, indien hulle begelei word tot `n groter bewustheid van hulleself en hulle gevoelens bemagtig word tot die herkenning van eie voorgrondbehoeftes en die toepaslike bevrediging daarvan. Navorser meen dit kan veral gedoen word wanneer die kleuter `n speelgroep bywoon waar

hy/sy kan klim, klouter en veral speel. Kinders leer deur kinestetiese, ouditiewe en visuele ervaring en dit is juis in die speelgroep waar hy/sy sien, voel, vat, hoor en smaak ontwikkel en hy/sy hom/haarself kan uitleef.

Ouer-kind kommunikasie word deur Damon (in Fourie, 2000:3) beklemtoon en verder word genoem dat die ouer sy/haar gevoelens moet verbaliseer en sy/haar vertroue en respek by die kind moet verdien en ook omgekeerd. Wanneer die ouer, dus sy/haar behoeftes aan die kind kommunikeer, sal dit koöperatiewe gedrag by die kleuter tot gevolg hê, wat bydraend kan wees tot die kleuter se sosiale verantwoordelikheid. Die kleuter moet dus leer dat hy/sy behoeftes mag bevredig maar terselfdertyd nie die ander persoon van hulle behoeftebevrediging mag ontneem nie.

Navorser meen dat ouers, as gevolg van hulle vol programme en eise wat deur die samelewing gestel word, gedurig hoër eise aan die opvoeding en versorging van hul kinders stel. Ouers verwag reeds van speelgroepe om hul kleuter holisties te stimuleer en op te voed (Neethling, 1999:107; Botha et al., 2001:269). Dus heg ouers groot waarde aan kleuterprogramme wat emosionele intelligensie insluit, is die mening van Calitz (2005) gedurende \`n onderhoud.

Kinders kan hierdie emosionele vaardighede van kleins af aanleer, en dit kan hulle help om die wisselvalligheid van die lewe veel makliker te hanteer. Dus is De Klerk & Le Roux (2003:7) van mening dat onderwysers baie van hierdie vaardighede, doelbewus en deur middel van doelgerigte aktiwiteite, aan kinders kan leer. Met die voorskoolse kind is die geleenthede legio, en Neethling (1999:108) wys daarop dat die voorskoolse fasiliteerder letterlik elke geleentheid kan gebruik om emosionele intelligensievaardighede aan die kleuters te leer of te versterk.

Die fokus van hierdie studie is om die impak van emosionele intelligensievaardighede op die kleuter binne \`n speelgroep te bepaal. Indien kennis rakende emosionele intelligensie verhoog word, kan die kleuter, volgens navorser se mening, wat ondersteun word deur Van Jaarsveld (2003:155) en tydens \`n gesprek met Calitz (2005), begelei word tot optimale

aanpassing en funksionering binne die gesin en die samelewing. Dit wil sê dat die navorser beplan het om te bepaal op watter vlak van emosionele intelligensie elke kleuter is en dan die kleuters se emosionele vaardighede uit te bou, te versterk en te verhoog sodat hy/sy optimaal kan aanpas en funksioneer.

Navorser het verkies om die studie hoofsaaklik vanuit `n gestaltspelterapeutiesebenadering te onderneem. Die kleuter kan vanuit die gestaltperspektief in totaliteit benader en behandel word. Gestaltspelterapeutiesetegnieke lei die kleuter tot groter bewustheid van `n totale self naamlik fisiek, sosiaal, psigies, kognitief en emosioneel. Wanneer kinders se algemene bewustheid met behulp van gestaltspelterapeutiesetegnieke verhoog word, verhoog die bewustheid van hulle behoeftes ook. Die mening van Oaklander (1988:194) is dat indien kinders weet wat hulle nodig het, kan hulle oorgaan tot die gepaste bevrediging van daardie behoeftes. In `n speelgroep kan kleuters deur hierdie proses bemagtig word tot selfregulering en om self verantwoordelikheid te neem.

## 1.2 Probleemformulering

Die voortbestaan van beskawings word gekenmerk deur veranderinge en aanpassings, eise en probleemoplossings. Tog is die daaglikse lewenseise waaraan mense moet voldoen, die waaraan talle ander oor die eeue heen ook aandag aan moes skenk (Fourie, 2000:2).

Die volgende dimensies wat onder die sambreelbegrip van emosionele intelligensie resorteer, word deur Goleman (1995:49-50); De Klerk & Le Roux (2003:11); Blom (2004a:47) onderskei:

- selfmotivering;
- deursettingsvermoë;
- die beheer oor impulse;
- empatisering;
- regulering van buie en om goed met ander oor die weg te kom;
- bewus wees en regulering van emosies; en
- die hantering van verhoudings.

Die kind is `n afhanklike figuur, maar hy/sy hoef nie magteloos te staan binne sy/haar omstandighede nie en kan eerder geleer word om deur middel van lewens- en emosionele vaardighede selfhandhawend op te tree (Van Niekerk, 2004). Deur dit te kan bereik, moet die kind in staat gestel word om verantwoordelikheid vir sy/haar eie lewe te neem. Die kind moet sy/haar eie menswees leer ken sonder om sy/haar kindwees te verloor (Van Niekerk, 1999:3).

Volgens Goleman (1995:186) is die bewus wees van eie en ander se emosies en die vermoë om empatie te toon, `n onderbou vir die hantering en kommunikasie daarvan. Volgens Fourie (2000:4) en ter bevestiging deur Blom (2004a:29) word hierdie vaardighede omsluit deur emosionele intelligensie.

Dissiplines soos die opvoedkunde, (Calitz, 2005), sielkunde (Greyling, 2005) en maatskaplike werk (Van Niekerk, 2004; Blom, 2005) is dit eens dat kinders se emosionele intelligensie, sover moontlik gestimuleer moet word. Hierdie kundiges is verder van mening dat daar min navorsing oor spelterapeutiese riglyne om emosionele intelligensie-vaardighede aan kleuters te leer, bestaan en meen dus dat hierdie navorsing belangrik is. Verder is daar aangedui dat daar nie navorsing gedoen is oor die impak van emosionele vaardighede op die kleuter binne `n speelgroep, nie. Meer navorsing oor die onderwerp is dus nodig, omdat stimulasie reeds van jongs af nodig is om emosionele intelligensie te bevorder.

Die navorser word ondersteun in haar mening deur Calitz (2005), Greyling (2005) en Blom (2005) dat kleuters effektiewe begeleiding nodig het om hulle emosies te kommunikeer ten einde toereikende verhoudings met ouers, gesinslede, vriende en ander persone tot gevolg te hê. Hierdie vaardighede kan en moet reeds in die speelgroep geïmplementeer word, ten einde die kleuter te bemagtig en te begelei tot die suksesvolle aanpassing in die samelewing. Die onderrig van emosionele intelligensievaardighede behoort deur die ouers hanteer te word. Weens die feit dat daar vandag minder tyd deur die kleuter, by die huis spandeer word as by die skool, het die besef ontstaan dat die speelgroep die ideale omgewing is waar emosionele intelligensievaardighede onderrig en uitgebou kan word.

Deur net na die alledaagse nuusberigte te luister en koerante te lees, kan die belangrikheid van emosionele intelligensievaardighede gesien word aldus Neethling (1999:108). Gevolge van emosionele stompheid is onder andere:

- min selfbeheer by kleuters;
- woede uitbarstings;
- geen empatie met andere nie;
- swak kommunikasievermoëns;
- obsessiewe gedrag, byvoorbeeld ooreet; of
- liggaamlike siektes byvoorbeeld maagpyn, verkoues en hoofpyne.

Tydens `n gesprek met Calitz (2005) is daarop gewys dat `n kind se skoolgereedheid veral deur sy sosiale en emosionele vaardighede bepaal word. Hierdie vaardighede word meestal ontwikkel tussen die ouderdom vier tot ses jaar. Navorser meen dat die speelgroep op hierdie ouderdom en op hierdie gebied `n belangrike rol in `n kind se lewe speel.

Emosionele intelligensievaardighede kan volgens De Klerk & Le Roux (2003:7); Blom (2004a:7); Calitz (2005) aangeleer en ontwikkel word en kinders kan dit reeds van kleins af aanleer. Dus is navorser se mening dat die speelgroep `n belangrike rol behoort te speel met die aanleer van emosionele vaardighede vir `n kleuter. Dit is belangrik dat `n kind gedurende die kinderjare `n ewewigtige ontwikkeling deurmaak, sodat `n stewige fondament vir latere ontwikkeling gelê kan word. De Klerk & Le Roux (2003:8) se mening is dat kinders met goed ontwikkelde emosionele intelligensie:

- beter oor die weg kom met vriende en familie;
- druk van maats makliker kan weerstaan;
- akademies beter presteer;
- konflik gemakliker kan hanteer;
- se gesondheid beter is;
- makliker herstel van terugslae; en
- gelukkiger is.

Verder identifiseer Bar-On (2004:1) vyf basiese vereistes om die volle potensiaal van emosionele intelligensie te kan bereik naamlik:

- die vermoë om emosies te verstaan – selfbewustheid;
- die vermoë om ander se emosies te verstaan – empatie;
- die vermoë om eie emosies te beheer – impulskontrole;
- die vermoë van aanpassings by veranderinge – buigsaamheid/aanpasbaarheid; en
- om gemotiveerd te wees – optimisme.

Navorser werk daagliks met kinders in `n speelgroep en identifiseer gereeld die tekort aan emosionele intelligensievaardighede by kleuters. Navorser sien dus die noodsaaklikheid om `n emosionele intelligensievaardigheidsprogram vir kleuters gedurende speelgroep-bywoning aan te bied. Sodoende word `n positiewe bydrae gelewer tot die verhoging van kleuters se emosionele intelligensievaardighede. Dit lei daartoe dat die kleuters in hul omgewing aanpas, funksioneer en positiewer verhoudings kan bou.

Die waarde van die aanbieding van `n emosionele intelligensievaardigheidsprogram tydens bywoning van `n speelgroep is daarin dat die volgende aspekte spesifiek aangespreek word:

- vaardighede vir die verhoging van die selfbewussyn;
- bestuur van gevoelens soos gelukkig, kwaad, bang en hartseer;
- emosionele selfbestuur en beheer;
- kommunkasie van gevoelswoorde, betekenis en hantering;
- empatie; en
- regulering van emosies in andere.

Indien ouers dit nie kan doen vanweë hulle menigvuldige verpligtinge nie, verwag hulle juis van skole om hierdie emosionele intelligensieprogramme aan te bied wat reeds tydens speelgroepfase kan begin. Die feit dat daar in Houtkapper speelgroep, waar die empiriese navorsing gedoen was, aan hierdie aspekte aandag aan gegee word, laat ouers die speelgroep hoog aanprys.

Uit die voorafgaande bespreking kon die navorsingsprobleem dus soos volg geformuleer word:

> Sover as wat navorser kon vasstel, is geen navorsing nog gedoen om te bepaal wat die impak van emosionele intelligensievaardighede wat met behulp van spelterapeutiese tegnieke, aan die kleuter binne `n speelgroep oorgedra word, gedoen nie.

Dit was dus navorser se doel om tydens speelgroepsessies emosionele vaardighede met behulp van spelterapeutiese tegnieke aan die kleuters oor te dra ter verryking van die kleuters en om sodoende die kleuters in staat te stel tot beter funksionering en aanpassings. Dit was egter belangrik om vas te stel wat die impak van so 'n aanbieding op die kleuters is.

**1.3 Doel, doelstelling en doelwitte van die navorsing**

Fouché (2002:107) definieer: "goal and objective as the end towards which effort or ambition is directed: aim, purpose." Dus doelstellings en doelwitte is die eindpunt, waarop die inspanning, strewe of ideaal gerig word.

**1.3.1 Doel van navorsing**

Die doel van die navorsing is verkennend van aard en is om insig en duidelikheid oor `n situasie, `n verskynsel, `n gemeenskap of `n individu te verkry aldus Bless & Higson-Smith (2000:41). Hieruit kan dus afgelei word dat navorsing oor die impak van emosionele intelligensievaardighede op die kleuter binne `n speelgroep, die navorser in staat sou stel om `n hipotese te ontwikkel en te toets. Navorser se doel was om op hoogte te kom van die basiese feite van emosionele intelligensie en emosionele vaardighede, veral by kleuters en om die impak daarvan op die kleuter, te verken.

Die navorsing bevat egter ook 'n element van beskrywende aard. Die beskrywende navorsing het ten doel om `n konstruk, gebeure of gedrag soos dit voorkom, te beskryf. Dit fokus op die "hoe" en "waarom" vrae. (Vergelyk Neuman, 2000:22.)

Emosionele intelligensie is reeds `n goed gedefineërde onderwerp. Die impak van emosionele intelligensievaardighede wat aan kleuters in die speelgroep oorgedra word, soos met hierdie navorsing bevind, is beskryf.

### 1.3.2 Doelstellings

Die doelstelling van hierdie studie is:

> Om te bepaal wat die impak van emosionele intelligensievaardighede is wat aan die kleuter binne `n speelgroepsituasie en met behulp van spelterapeutiese tegnieke, oorgedra was.

### 1.3.3 Doelwitte

- Om `n kennisbasis op te bou oor:
  - uitgangspunte aangaande emosies en kommunikasie as subveld van lewensvaardighede teen die agtergrond van emosionele intelligensie;
  - emosionele intelligensievaardighede met betrekking tot die kleuter in `n speelgroep;
  - gestaltspelterapeutiese tegnieke wat benut kan word om emosionele intelligensievaardighede aan die kleuter oor te dra; en
  - meting van emosionele intelligensievaardighede by die kleuter.
- Om ‘n empiriese ondersoek te doen waar spesifieke emosionele intelligensie-vaardighede met behulp van spelterapeutiese tegnieke binne `n speelgroep aan kleuters oorgedra is.
- Om te meet wat die impak van die toepassing van `n spelterapeutiese emosionele intelligensievaardigheidsprogram op die kleuters is.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings oor die benuttingswaarde en die impak van emosionele intelligensievaardighede op kleuters, te maak.

### 1.4 Hipotese vir die studie

“The researcher would then start writing a formal problem formulation and might include the formulation of hypotheses.” Kerlinger (1986:17) soos ook aangehaal in De Vos (2002:36)

definieer `n hipotese: ”as a conjectural statement of the relation between two or more variables. Hypothese are always in declarative sentence form, and they relate, either generally or specifically, variables to variables.” `n Hipotese is dus `n voorlopige veronderstelling wat gebruik word om iets anders te bewys.

Die hipotese wat vir hierdie studie gestel was, is:

> Indien emosionele intelligensievaardighede met behulp van spelterapeutiese tegnieke aan `n kleuter in `n speelgroep oorgedra word, sal die kleuter se emosionele intelligensie verhoog.

Die afhanklike veranderlike is die emosionele intelligensie van die kleuter. Die onafhanklike veranderlike is die emosionele intelligensievaardighede (intervensieprogram) wat aan die kleuters aangebied was.

**1.5 Navorsingsbenadering**

Die kwantitatiewe navorsingsbenadering is gebruik. “The quantitative category includes experiments, surveys and content analysis” (Fouché & De Vos, 2002:138). Creswell (1994:1-2) meen:

> *The quantitative paradigm is based on positivism, which takes scientific explanation to be nomethetic (i.e. based on universal laws). Its main aims are to measure the social world objectively, to test hypotheses and to predict and control human behaviour. A quantitative study may therefore be defined as an inquiry into a social or human problem, based on testing a theory composed of variables, measured with numbers and analysed with statistical procedures in order to determine whether the predictive generalisations of the theory hold true.*

Die kwantitatiewe benadering is as die dominante paradigma gebruik, aangesien daar tydens die navorsing van ‘n waarnemingsinstrument as meetinstrument gebruik gemaak is om die verandering wat by emosionele intelligensie verwag was, te meet. Fouché & De

Vos (2002:142) meen: "The questionnaire as a data collection method are quantitative in nature and fall into the category of quantitative-descriptive survey designs."

`n Waarnemingsinstrument is tydens die voor-en natoets gebruik om die kleuters se emosionele intelligensievaardighede aan te teken. Hierdie waarnemingsinstrument (Bylaag 2) is op `n ouderdomsgepaste wyse saam met die kleuter deur die navorser as voor-en natoets voltooi. Vir kontrole doeleindes en om meer objektiwiteit te verkry, is dieselfde waarnemingsinstrument (Bylaag 1) ook aan die ouers (vader en moeder) gegee om te voltooi.

**1.6 Tipe navorsing**

Volgens Neuman (2000:23) word daar in die sosiale wetenskappe tussen twee hooftipes navorsing onderskei, naamlik basiese navorsing en toegepaste navorsing. Rothman & Thomas (1994:3) omskryf toegepaste navorsing as, navorsing wat daarop gerig is om in die praktyk toegepas te word.

Hierdie studie kan dus geklassifiseer word as toegepaste navorsing. Dit is gerig op die benutting van bestaande tegnologie en kennis. Toegepaste navorsing is onderneem, wat beteken dat daar op direkte probleme waarmee die professionele persoon in die praktyk gekonfronteer word, gefokus is. Die doel van toegepaste navorsing is dikwels die wetenskaplike beplanning van geïmplementeerde verandering in `n problematiese situasie (Fouché, 2002:109).

Die navorser het in die studie gepoog om deur middel van `n reeds ontwikkelde program van Blom (2004a:6-34); Blom et al. (2004:16-48) die respondente in staat te stel om hul emosionele intelligensie te verhoog. Bestaande kennis en tegnologie is dus benut om verandering te weeg te bring. Daar is gepoog om die kleuter se emosionele intelligensie te verhoog om sodoende beter sosiaal aan te pas en te funksioneer binne sy/haar omgewing en verhoudings.

## 1.7 Navorsingsontwerp en -prosedures

### 1.7.1 Navorsingsontwerp

Neuman (2000:123) wys daarop dat die kwantitatiewe navorsingsontwerp eksperimente, ondersoeke, metings en inhoudsanalises insluit. Dit sluit in eksperimentele ontwerp met spesifieke verwysing na "One-group pretest-posttest design" wat spesifiek is vir die gebruik in hierdie studie. (Vergelyk Fouché & De Vos, 2002:144.)

As voortoets is `n meetinstrument (waarnemingsinstrument) tydens die gestruktureerde onderhoude/spelterapeutiese sessies gebruik om te bepaal wat die vlak van emosionele intelligensie by die kleuters voor die intervensie was. Na intervensie, is daar weer as natoets met dieselfde meetinstrument, (waarnemingsinstrument), gemeet om vas te stel of daar `n verandering van die kleuters se emosionele intelligensie ingetree het. Die kleuters is met die invul van die meetinstrument bygestaan deur die navorser. Dieselfde waarnemingsinstrument is aan die ouers van die spesifieke kleuters gegee om te voltooi. Hierdie voor- en natoetsresultate is met mekaar vergelyk en sodoende kon die hipotese waar of vals bewys word (Fouché & De Vos, 2002:144).

Aspekte van die intervensieprogram wat deur Blom, King en Read (2004:16-48) ontwikkel is, is aan die agt kleuters in groepsverband aangebied. Blom (2004:16-48) se intervensieprogram is ontwikkel om emosionele intelligensievaardighede aan laerskoolkinders te leer. Die dele van die program wat gebruik is, is ontwikkelingsvlakgepas met die kleuters benut. Die program het oor 'n periode van twaalf sessie gestrek. Elke sessie het ongeveer veertig minute geduur. Die doel van die navorsing was dus nie om die program te evalueer nie, maar om toepaslike dele van die program te benut en ontwikkelingsvlak gepas met die kleuters te gebruik.

Daar word duidelik deur Calitz (2005), Oaklander (1988:160); asook Geldard & Geldard (2002:94) gewys dat spel die kind se natuurlike wyse van kommunikasie is. Alle aktiwiteite van die intervensie is deur middel van spelterapeutiese tegnieke aangebied.

### 1.7.2 Navorsingsprosedure

- **Data insameling**

Volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:51) is `n vraelys: `n stel vrae op `n vorm wat deur `n respondent voltooi word vir `n bepaalde studie. In hierdie studie is daar dus van `n selfontwerpte waarnemingsinstrument gebruik gemaak.

Die navorser het die agt voorskoolse kleuters van die speelgroep, wat volgens wetgewing skoolpligtig is in 2006, as respondente by die studie betrek en die groep se vordering bestudeer. Die intervensie is binne groepsverband gedoen, maar die meting van die impak van die intervensie wat aangebied is, het individueel plaasgevind. Die navorser het die inligting vir die voor- en natoets met die kleuters bespreek en het hulle menings namens hulle op die waarnemingsinstrument ingevul (Bylaag 2 en Bylaag 3).

Aangesien die respondente klein is en nog nie kan lees nie, is die navorser van mening dat in hierdie studie die navorsingsprosedure wat op die mees effektiewe wyse vir data insameling benut kon word, die gebruikmaking van gestruktureerde onderhoudsvoering met behulp van spelterapeutiese tegnieke en gestruktureerde waarneming aan die hand van ‘n waarnemingsinstrument was. Grinnell (1993:459) meen: “Data collection is a critical step in the research process because it is the link between theory and practice.”

Gestruktureerde onderhoude vind van aangesig tot aangesig plaas en het `n waarnemingsinstrument met spesifieke vrae. Gestruktureerde waarneming neem spesifieke gedrag oor `n spesifieke tydperk waar. Data wat met die gestruktureerde onderhoud en waarneming bekom is, is op ‘n waarnemingsinstrument aangeteken. “Identify a specific behaviour or set of behaviour and observing it over a given time period” (Delport, 2002:176). Die navorser het die gestruktureerde onderhoude en die waarnemingsinstrument taalkundig op die respondente se ontwikkelingsvlak aangepas.

Die voordeel van hierdie prosedure is dat data relatief sistematies ingesamel word en dat belangrike data nie vergeet word nie, is die mening van Hutchinson en Webb soos

University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

aangehaal deur Greeff (2002:302). In hierdie tipe waarnemingsinstrument dien die vrae slegs as `n riglyn en word dit nie in `n rigiede volgorde benut nie. Die navorser word in staat gestel om op temas van belang te fokus.

Die nadeel van data-insameling deur `n onderhoud is dat dit moeilik is om die betroubaarheid daarvan te bepaal en dat veranderlikes soos die bekwaamheid van die onderhoudvoerder, `n rol speel by die kwaliteit van resultate wat verkry word (Strydom, 1999:48). Dus is dieselfde waarnemingsinstrument wat die navorser met behulp van die kleuters voltooi het, ook aan elke ouer (vader en moeder) voor en na die intervensie gegee om te voltooi, sien Bylaag 2. Dit is vir kontroledoeleindes gedoen en ook vir meer objektiwiteit.

Navorser het tydens die voor- en natoets die antwoorde wat op die waarnemingsinstrument ingevul is, van die kleuters verkry met behulp van spelterapeutiese tegnieke en deur waarneming.

- **Data-analise**

"Data analysis is the process of bringing order, structure and meaning to the mass of colleted data" (De Vos, 2002:339). Die data wat met behulp van die waarnemings-instrumente ingesamel is, is verwerk en weergegee in grafieke en tabelle en geïnterpreteer (Hoofstuk 4). Die voor- en natoets inligting is met mekaar vergelyk en die impak van die toepassing van `n spelterapeutiese emosionele intelligensievaardigheidsprogram op die kleuter binne die speelgroep is bepaal (Hoofstuk 4).

Alhoewel daar net agt waarnemingsinstrumente was, is `n rekenaar benut vir die analisering van die data, soos daar deur Delport (2002:177) voorgestel word. "Validity and reliability are two of the most important concepts in the context of measurement. One of the most common and useful classification schemes attempting to categorise the validities underlying measurement is content, face, criterion and construct validaty" (Delport, 2002:166).

## 1.8 Vooronderoek

Volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:45) word `n vooronderoek gedefinieer as die proses waardeur die navorsingsontwerp vir `n voorgenome ondersoek getoets word.

Verder is die mening van Bless & Higson-Smith (2000:155): "A small study conducted prior to a large piece of research to determine whether the methodology, sampling, instruments and analysis are adequate and appropriate."

### 1.8.1 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Aangesien die studie binne navorser se werkstruktuur geval het, was dit nie `n probleem gewees om respondente te identifiseer, en die nodige navorsing te doen nie. Die onderhoude vir die invul van die meetinstrument het vir die respondente op geleë tye plaasgevind en was deurgaans interessant gewees soos in hoofstuk vier bespreek is. Dit is op navorser se eie tyd, koste en perseel gedoen as deel van die kleuters se daaglikse roetine. Ouers het die gedagte verwelkom aangesien die navorsing net tot die voordeel van hul kleuters strek. Toestemming was van die ouers en kleuters verkry vir deelname aan die navorsing (Bylaag 1).

In hierdie navorsing was emosionele intelligensie die hooftema van die onderhoude gewees. Respondente is gevra om hulle belewings van gebeure, gevoelens en gedrag in sekere situasies op 'n ouderdomsgepaste wyse weer te gee.

### 1.8.2 Toetsing van die waarnemingsinstrument en inhoud van die spelterapeutiese sessies

Vir die doel van die studie is die waarnemingsinstrument met twee ander vrywillige kleuters in die speelgroep getoets. Die kleuters is volgens wetgewing nie skoolpligtig in 2006 nie, aangesien hulle slegs `n maand jonger is as die vereiste ouderdom. Hulle was dus geskik gewees om die waarnemingsinstrument van die kleuters te toets. Deur die waarnemingsinstrument (Bylaag 3) met dié kleuters te toets, kon bepaal word of die taal korrek aangepas is vir die kleuters, of die inhoud van die sessies ouderdomgepas

University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

aangewend is, en of die waarnemingsinstrument aan sy doel beantwoord. Die twee kleuters was nie deel van die hoofondersoek nie.

Dieselfde twee kleuters se ouers (vader en moeder) was by die voor- en natoets betrek met die voltooiing van dieselfde waarnemingsinstrument (Bylaag 2). Na die voortoets van die waarnemingsinstrument gedoen is, is die nodige veranderinge aangebring. Die waarnemingsinstrument en spelterapeutiese mediums was gereed gemaak vir die hoofondersoek soos uiteengesit in hoofstuk drie.

### 1.9 Omskrywing van universum, populasie en steekproef

#### 1.9.1 Universum

Universum volgens Arkava & Lane soos uiteengesit deur Strydom & Venter (2002:198) verwys na alle potensiële objekte wat die eienskappe besit waarin die navorser belang stel of geïnteresserd is. In die geval van die bepaalde studie sou dit alle kleuters en hulle ouers in Heidelberg wees.

#### 1.9.2 Populasie

Die term populasie word deur Rubin & Babbie (1997:224) vergelyk met Arkava & Lane (in Strydom & Venter, 2002:198) verwys as: “Population refers to individuals in the universe who posesses specific characteristics relevant to the study.” McBurney (in Strydom, & Venter, 2002:199) beskryf populasie as: “the totality of persons, events, organisation units, case records or other sampling units with which the research problem is concerned.”

Die populasie beskik oor spesifieke eienskappe waartoe die betrokke verskynsel of gebeure behoort. Die populasie van hierdie studie kan omskryf word as die agt voorskoolse kleuters wat aan die begin van 2006 skoolpligtig en in die speelgroep in Heidelberg is.

Die ouers (vader en moeder) van die agt voorskoolse kleuters wat betrokke was by die navorsing, is betrek by die voltooiing van die waarnemingsinstrument voor en na die intervensie.

### 1.9.3 Steekproef

Soos onder populasie aangedui, was al agt kleuters wat aan die begin van 2006 skoolpligtig en in die Houtkapper speelgroep, te Heidelberg is, by die ondersoek betrek. Geen seleksie het dus plaasgevind nie.

## 1.10 Etiese aspekte

Die mening van Strydom (2002:63) is: "Ethics is a set of moral principles that are suggested by an individual or group, are subsequently widely accepted, and offer rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and repondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students."

Die volgende etiese aspekte soos deur Strydom (2002:62-74) en Babbie & Mouton (2001:340-341) bespreek, het in hierdie studie aandag geniet:

### 1.10.1 Benadeling van eksperimentele onderwerpe en/of respondente

Die werklike beskadiging wat respondente mag ondervind, word soos volg deur Babbie & Mouton (2001:471) beskryf: "with regard to their family life, relationships or employment situation. The fact that negative behaviour of the past may be recalled to memory during the investigation could be the beginning of renewed personal harassment or embarrassment."

Geen fisieke of emosionele benadeling het plaasgevind nie, aangesien die aanleer van emosionele intelligensievaardighede 'n positiewe ontwikkelingsgeleentheid is.

### 1.10.2 Ingeligte toestemming

Volgens Williams (in Strydom, 2002:65) kan ingeligte toestemming soos volg beskryf word: "that all possible or adequate information on the goal of the investigation, the procedures

that will be followed during the investigation, the possible advantages, disadvantages and dangers to which respondents may be exposed, as well as the credibility of the researcher, be rendered to potential subjects or their legal representatives”. (Vergelyk Cohen, 2001:50.)

Aangesien die respondente kleuters was wat nog nie kan lees of skryf nie, is hulle op hul vlak deeglik vooraf ingelig, wat van hulle verwag was en wat die studie behels het.

- Navorser het al die respondente en hul ouers individueel voor die tyd ingelig oor die onderwerp en die moontlike impak van die studie.
- Die navorser het die onderwerp op die respondente se ontwikkelingsvlak byvoorbeeld met poppespel of emosieprente en so akkuraat moontlik voor die studie verduidelik.
- Die ouers en respondente is ingelig dat hul op enige stadium van die studie mag onttrek.
- Indien verdere terapie benodig was tydens en na die voltooiing van die studie, het navorser onderneem om die nodige verwysings te doen. ‘n Spelterapeut in privaatpraktyk was beskikbaar vir terapeutiese dienste. Daar was egter geen negatiewe impak op die kleuters nie. Die program het bloot tot hulle voordeel gestrek.

Die nodige skriftelike toestemming (Bylaag 1) is van elke kleuter en sy ouers verkry. Die ouers was by die navorsing betrek, aangesien hulle versoek was om ‘n voor- en natoets waarnemingsinstrument te voltooi.

**1.10.3 Misleiding van die onderwerp en/of respondente**

Misleiding meen Neuman, (2000:229): ”occurs when the researcher intentionally misleads subjects by the way of written or verbal instructions, the actions of other people, or certain aspects of the settings.” Verder meen Cohen (2001:63) misleiding: “lies in not telling the whole truth.”

Elke respondent was met respek behandel. Die onderwerp van die studie is doelbewus akkuraat deurgegee om misleiding te voorkom. Geleentheid is aan die ouers sowel as die respondente gebied om vrae te vra oor die onderwerp van die studie.

Onvoorsiene misleiding kan gebeur volgens Strydom (2002:67): "when incidents occur during most investigations – they cannot be explained to subjects beforehand and must be discussed with the respondents immediately after or during the debriefing interview."

**1.10.4 Skending van privaatheid, vertroulikheid en anonimiteit**

"Dit is elke individu se reg om te besluit wanneer, waar en tot watter mate hy sy houding, denkwyses, gevoelens en gedrag wil openbaar" (Strydom, 2002:67). Veral in `n studie van emosionele intelligensie is dit van die mens se diepste gevoelens en emosies wat aangespreek word. Cohen (2001:62) meen dat: "boundaries surrounding the shared secret must be protected." Hierdie aspek was gerespekteer.

Respondente se identiteit is anomien gehou deur die gebruik van skuilname. Geen persoonlike inligting oor die ontwikkeling van individuele kleuters is bekend gemaak nie.

**1.10.5 Optrede en bevoegdheid van die navorser**

Sieber (soos aangehaal deur Strydom, 2002:69) is van mening dat: "well-intended and well-planned research can fail or can produce invalid results if the researchers and /or fieldworkers are not adequately qualified and equipped."

Die navorser is eties verplig om seker te maak om wel bekwaam en vaardig te wees om die nodige navorsing te onderneem. Die navorser is `n geregistreerde maatskaplike werker en het ook dertien jaar ondervinding met `n speelgroep wat sy self bestuur. Die navorser het die teorie en prakties van die MSD (spelterapie) kursus suksesvol voltooi. Die navorser se objektiewe benadering ten opsigte van die onderwerp met die verloop van die studie, word as belangrik beskou.

### 1.10.6 Publikasie of vrystelling van bevindinge

Volgens Dane (soos aangehaal deur Strydom, 2002:72): "report writing includes doing all you can to make sure your report is as clear as possible and contains all the information necessary for the readers to understand what you have written."

Navorser het ook `n etiese verantwoordelikheid soos deur Rubin & Babbie (1997:61) benadruk is:

- dat dit noodsaaklik is om tekortkominge van die studie aan die leser bekend te maak;
- alle erkenning is aan die geraadpleegde bronne, skrywers, konsultasies met kundiges en respondente gegee; en
- hierdie finale verslag oor die onderwerp is so akkuraat, duidelik en volledig moontlik weergegee deur die navorser.

### 1.10.7 Ontlading van respondente

Babbie & Mouton (2001:475) se mening is dat probleme wat deur ondervraging na vore gekom het tydens die navorsingsmeelewing reggestel sal kan word.

Die intervensie is op die ontwikkeling van emosionele intelligensievaardighede afgestem en geen behoefte aan emosionele ontlading was na die tyd nodig nie. Geen druk is op die kleuters geplaas om die program te voltooi nie. Die program het deel gevorm van die kleuters se daaglikse program by die speelgroep. Dit is aangepas vir die ontwikkelingsvlak van die kleuters en is met behulp van spelterapeutiese tegnieke aangebied volgens sekere van die hooftemas van Blom (2004a:6-34) se program en Blom et al. (2004:16-48).

## 1.11 Definiëring van hoofkonsepte

Die hoofbegrippe wat sentraal is in hierdie studie, is soos volg:

### 1.11.1 Emosionele intelligensie

Die definisie van emosionele intelligensie is volgens Blom (2004a:6) dat dit die vermoë is om bewus te wees van emosies en denke oor emosies, om emosionele kennis te verstaan

en om hierdie kennis te benut om eie emosies en andere se emosies akkuraat waar te neem, te beoordeel, te reguleer en te bestuur. Verder gee De Klerk & Le Roux (2003:7) die volgende definisie van emosionele intelligensie: "Emosionele intelligensie is die vermoë om jou eie gedagtes en gevoelens te identifiseer, te verstaan en te beheer, dit gepas aan ander te kommunikeer, en empatie te hê met ander se emosies, wat jou in staat stel om op `n emosionele vlak met hulle `n verhouding te hê."

Emosionele intelligensie sluit selfbegrip, impulsbeheer, deursettingsvermoë, lewensywer, motivering, empatie en sosiale behendigheid in (Goleman, 1995:46). Emosionele intelligensie is `n versameling nie-kognitiewe vermoëns, bekwaamhede en vaardighede wat `n uitwerking het op `n mens se vermoë om sukses te behaal in die hantering van omgewingseise en druk (Bar On, 2004:2).

Gottman, Katz & Hooven (1997:101) wys daarop dat Salovey en Mayer wat ook beskou word as van die grondleggers van emosionele intelligensie, `n lang lys van vaardighede gee. Hy verskil egter daarvan en gee die volgende definisie: "it would be the child`s ability to regulate emotions and to self-soothe and focus attention during salient emotionally trying peer situations."

Emosionele intelligensie is die vermoë om die politieke en sosiale omgewing te lees; om intuïtief aan te voel wat ander mense wil hê en nodig het, wat hulle sterk punte en swak punte is; om onverstoord te bly onder stres; en om innemend te wees, "die soort mens wat ander mense graag wil ken" (Stein in Van Jaarsveld, 2003:13).

Die mening van Calitz (2005) is dat tussen die ouderdom vier tot ses jaar `n kind se sosiale vaardighede baie ontwikkel. Emosionele intelligensie is `n belangrike onderdeel daarvan en moet die kind bemagtig word om self keuses te maak en sy emosies te leer hanteer binne `n goeie en veilige omgewing.

Volgens navorser is emosionele intelligensie dus daardie deel van sosiale vaardighede wat die vermoë beteken om bewus te wees van emosies en denke oor emosies, om dit te besit,

jou eie te maak, dit te benoem, te ervaar en te verstaan en om hierdie kennis te benut om eie emosies en andere se emosies akkuraat waar te neem, te beoordeel, sosiaal aanvaarbaar te reguleer en te bestuur as een aspek van sy totaliteit (Oaklander, 1988:62). Die kleuter kan dus bewus gemaak word van die emosies en gehelp word om dit te verstaan sodat hy kennis en vaardighede kan aanleer wat hy op pad na volwassenheid, nodig sal kry.

**1.11.2 Emosies**

Emosies word beskou as die gevoelens wat `n persoon beleef in sy alledaagse gesitueerdheid. Die emosies word ervaar op reaksie van die gedrag van ander. Emosies is universeel van aard en word daagliks beleef. Daar is egter `n verskeidenheid van emosies wat in verskillende situasies ervaar word. Strydom (1999:11) gee `n opsommende definisie van emosies soos volg: "Emosies is reaksies op `n gebeurtenis in die omgewing wat geëvalueer word deur `n aktiewe kognitief-fisiologiese-gedragsisteem wat uniek is vir elke individu."

Ouers en hulle kleuters ervaar emosies rondom gegewe situasies, maar elk ervaar sy eie unieke belewing en die gepaardgaande emosies. Hierdie emosies mag `n bydraende faktor wees in die kommunikasieproses, wat soms konflik veroorsaak. Daarom is dit belangrik om emosies, wat eintlik die gemoedstoestand soos vreugde, smart, vrees of woede is, te kommunikeer (Fourie, 2000:9).

Daar word deur De Klerk & Le Roux (2003:23) daarop gewys dat kinders van twee tot ses jaar oud met ander woorde kleuters, dieselfde emosies as volwassenes ervaar en onbeteuelde uitdrukking daaraan gee. Maccoby (in Gottman et al., 1997:95) is van mening dat: "preschool years are the major period for development of emotionally expressive control."

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word emosies gesien as: daardie gevoelens of reaksies wat elke kleuter uniek beleef op gebeurtenisse of optredes.

### 1.11.3 Speelgroep

Volgens die "Dictionary Definition by Freesearch" (2004:1) is `n speelgroep: "an organised group for children aged between three and six to play and learn together informally at regular time, place outside their homes, run by trained leaders." Verder sê Stockton Borough Council (2004:1): "Playgroups or playschool are for young children to learn and play in small groups. They are registered and inspected every year."

Navorser meen dat `n speelgroep `n privaat klas of plek vir `n groep kleuters van drie tot ses jaar is, waar die kleuters holisties versorg en gestimuleer word. Die kleuter moet gelukkig aangepas wees, want dan kan hy/sy soveel as moontlik intellektuele-, sosiale- en emosionele vaardighede ontwikkel onder die regte leiding.

### 1.11.4 Impak

Die betekenis van die woord impak is die uitwerking van, die effek of die gevolg van 'n sekere handeling (HAT Woordeboek 2000:145). "Thing or circumstance which follows as a result from something preceding, striking, collision, an effect or influence" (Reader`s Digest Great Encyclopaedic Dictionary, 1991:191).

Volgens navorser beteken die woord impak in hierdie studie die effek, invloed of die uitwerking wat die emosionele intelligensievaardigheid (intervensie) op die kleuter binne `n speelgroep het.

### 1.11.5 Kleuter

`n Kleuter is volgens die HAT Woordeboek (2000:444) `n kind bo die leeftyd van suigeling en onder die van `n skoolkind; `n klein kind.

Die volgende definisie van `n kleuter word deur Botha et al. (2001:238) gegee waarmee navorser saamstem, naamlik dat dit `n jong kind is in die vroeë kinderjare wat vanaf twee tot ses jarige ouderdom strek. Aansienlike kognitiewe en fisiek-motoriese ontwikkeling vind tydens hierdie jare plaas en talle vaardighede word aangeleer. Die kleuter se ontwikkeling

word veral beïnvloed deur die gesin, sosiale invloede en die kultuur waarin die kleuter groot word.

**1.12 Inhoud van die navorsingsverslag**

Die navorsingsverslag word soos volg ingedeel:

Hoofstuk 1 : Inleiding en algemene oriëntering van die navorsingsproses

Hoofstuk 2 : Emosionele intelligensievaardighede van die kleuter

Hoofstuk 3 : Spelterapeutiese tegnieke vanuit `n gestaltbenadering om emosionele intelligensievaardighede aan kleuters oor te dra

Hoofstuk 4 : Resultate van empiriese studie

Hoofstuk 5 : Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.